

17 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 5:38-42

Fokusgedeelte: Matteus 5:39a

Vergelding teenoor naasteliefde

Geweld en vergelding is iets alledaags vandag in ons land. Daar heers 'n geweldskultuur. Met hierdie vyfde antitese spreek Jesus sodanige gesindheid aan.

Tog maak sy lering oor hierdie onderwerp ons baie ongemaklik. Het die wetsgehoorsame burger dan geen reg meer tot selfverdediging van sy lewe of goed nie? Moet die gelowige so slap alles oorgee en voor almal kruip? Selfs teenoor diegene wat hom skade wil aandoen?

Hierdie woorde van Jesus moet ons reg verstaan teen die omstandighede van die tyd. Hy is weereens besig om die verkeerde hantering van die wet deur die Fariseërs reg te stel. Die letter van die wet het hulle sonder die werklike bedoeling daarvan uitgeleef. In die Ou Testament (Eks. 21:24, 25; Lev. 24:20 en Deut. 19:21) word op hierdie vergelding gewys. Hierdie vergeldingsreëls was vir die howe bedoel. Die Fariseërs het dit op 'n liefdelose wyse persoonlik gaan maak. Die gevolg was dat mense daarop uit was om persoonlike vergelding te doen. Die woorde van Levitikus 19:18 is geïgnoreer: *Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die HERE.*

Met die naasteliefde as beginsel wys Jesus wraakgierigheid af. Hierdie vergeldingsreëls was buitendien nie as persoonlike vergeldingsaksies gegee nie. In Romeine 12:18-21 kry ons 'n baie goeie verklaring van wat Jesus hier bedoel. Jesus gee praktiese voorbeelde van hoe van vergelding afstand gedoen moet word. Hy stel dit juis baie sterk om die punt van sy lering en die beginsel daaragter tuis te bring. Die beginsel is naasteliefde. Geweld en onreg moet met liefde beveg word. Dit wat Hy gepreek het, het Hy ook toegepas. Hy was bereid om mens te word en geweldige onreg te ly ter wille van ons sondes. Aan die kruis het hy selfs gebid: *Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.* In Jesaja 53 word die onreg wat die Messias moes ly, vir ons geskets.

Kom ons gebruik die verleenthede waarin ons vandag leef as geleenthede om die liefde van Jesus uit te leef. Nie met geweld en vergelding nie, maar met die liefde van die Here kan dinge verander word.

Sing: Skrifberyming 6:1

Ds. P van Wyk (Bronkhorstspruit)